# DIE SKIETLOOD

205e Uitgawe 19 Augustus 2022

saam met Koersvas 205

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind. Verwerping van die dwalings.**

Die regsinnige leer is uiteengesit. Sekere dwalings moet nou aangespreek word.

**Teks *4.*** *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die mens wat nie weergebore is nie, is nie werklik en nie heeltemal dood in sondes nie. Ook is alle kragte om die geestelike goeie te doen hom nie ontneem nie. Hy kan nog honger en dors na die geregtigheid en die lewe en kan die offer van 'n verslae en gebroke gees, wat God welgevallig is, bring.*
*Die Sinode leer: Hierdie opvattings stry teen die duidelike getuienisse van die Skrif: Julle was dood deur die misdade en die sondes (Ef. 2:1, 5), en: al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was (Gen. 6:5; 8:21).*
*Buitendien is honger en dors na bevryding uit die ellende, na die lewe, asook die offer van 'n gebroke gees aan God, slegs eie aan die wedergeborenes en aan hulle wat salig genoem word (Ps. 51:10; Matt 5:6). Qui docent, 'Hominem irregenitum non esse proprie nec totaliter in peccatis mortuum, aut omnibus ad bonum spirituale viribus destitutum, sed posse justitiam vel vitam esurire ac sitire, sacrificiumque Spiritus contriti, et contribulati, quod Deo acceptum est, offerre.' Adversantur enim hæc apertis Scripturæ testimoniis, Ephes. ii. 1, 5: Eratis mortui in offensis et peccatis. Et Gen. vi. 5 et viii. 21: Imaginatio cogitationum cordis hominis tantummodo mala est omni die. Adhæc liberationem ex miseria et vitam esurire ac sitire, Deoque sacrificium Spiritus contriti offerre, regenitorum est, et eorum qui beati dicuntur. Psa. li. 19 et Matt. v. 6*

**Verklarende kommentaar**

Diegene wat die Remonstrasie ondersteun redeneer onder andere dat mense wat nie wedergebore is nie, nie totaal in die sonde vasgevang is nie. Volgens hulle is die sondige bestaan nie alles-omvattend nie en die mens daarom nie totaal dood en verlore nie. Daarmee saam is hulle daarvan oortuig dat die strewe na die goeie nie totaal vernietig is nie, maar dat die mens steeds iets in hom het wat hom daarna laat strewe om die geestelik-goeie te doen. Daar is met ander woorde volgens hulle 'n latente vermoë of begeerte om die goeie te doen en geregtigheid te laat seëvier. In hulle oë is die mens tog nog by magte om die goeie offer van die nederige mens te bring, 'n offer wat vir God aanneemlik is. Hierdie dwaling is steeds gebaseer op die onvermoë van mense om die volle omvang van die sonde te begryp, 'n onwilligheid om die verskriklike gevolge van dood as loon van die sonde te aanvaar.

Die Skrif getuig die teendeel van dit wat deur die Remonstrante beweer word. Die mens is totaal verlore, vasgevang in die versinsels van sy eie hart en begeertes. Al hierdie gedagtes van die mens is sleg, verderflik, sonde-gebonde. Die mens is nie by vermoë om selfs in gedagte bo sy geskape menslikheid uit te styg nie. Dit is daarom nie vir die mens wat in die dood van die sonde is, moontlik om die offers te

bring wat vir God aanneemlik is nie. Die mens het nie eens die idee om God te behaag nie, wat nog te praat van 'n idee hê oor wat God sal behaag.
Hierdie artikel bevestig net weer die gedagte dat geen mens homself aan sy eie veters uit die moeras van verlorenheid kan lig en dra nie.

**Teks *5*.** *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die verdorwe en natuurlike mens kan die algemene genade (waaronder hulle die lig van die natuur verstaan) of die gawes wat ná die sondeval nog in hom oorgebly het, tot sy heil gebruik. Deur dit só te gebruik kan hy 'n groter genade, naamlik die evangeliese of verlossende genade en die saligheid self, geleidelik en trapsgewyse verkry. Op hierdie wyse betoon God Hom van sy kant bereid om Christus aan alle mense te openbaar. Hy het die middele wat vir die openbaring van Christus en vir geloof en bekering nodig is, aan almal genoegsaam en kragdadig geskenk.*
*Die Sinode leer: Behalwe die ervaring van alle tye getuig die Skrif immers ook dat dit vals is, want Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie (Ps. 147:19,20), en God het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hul eie weë sou wandel (Hand 14:16), en: Hulle (naamlik Paulus en sy reisgenote) is deur die Heilige Gees verhinder om die woord in Asië te verkondig; en toe hulle by die grens by Misië kom, het hulle probeer om na Bithinië toe te gaan, maar die Gees van Jesus het hulle dit nie toegelaat nie (Hand 16:6,7). Qui docent, 'Hominem corruptum et animalem gratia communi, quæ ipsis est lumen naturæ, sive donis post lapsum relictis, tam recte uti posse, ut bono isto usu majorem gratiam, puta evangelicam, sive salutarem, et salutem ipsam gradatim obtinere possit. Et hac ratione DEUM se ex parte sua paratum ostendere, ad Christum omnibus revelandum, quandoquidem media ad Christi revelationem, fidem, et resipiscentiam necessaria, omnibus sufficienter et efficaciter administret.' Falsum enim hoc esse præter omnium temporum experientiam Scriptura testatur. Psa. cxlvii. 19, 20: Indicat verba sua Jacobo, statuta sua et jura sua Israeli, non fecit ita ulli genti, et jura ista non noverunt. Act. xiv. 16: Deus sivit præteritis ætatibus omnes gentes suis ipsarum viis incedere. Act. xvi. 6, 7: Prohibiti sunt (Paulus cum suis) a Spiritu Sancto loqui sermonem DEI in Asia. Et, Quum venissent in Mysiam, tentabant ire versus Bithyniam, sed non permisit eis Spiritus.*

**Verklarende kommentaar**
Die volgende argument van die Remonstrante wat aandag geniet, is die een wat by die mens sekere vermoëns rakende die algemene en besonder openbaring toedig. Die eerste verwysing wat ter sprake is, is die verwysing na die algemene openbaring. Tradisioneel leer die kerk dat die natuur genoeg van God aan mense oordra sodat geen mens sonder verontskuldiging kan staan nie. Die NGB verwys na die twee maniere van openbaring en maak dit duidelik dat net genoeg in die natuur gevind kan word sodat geen mens kan sê dat hulle nie gedink het daar is 'n God nie.
Die besondere openbaring van God het natuurlik in Christus plaasgevind. Die Remonstrante verdraai nou hierdie onderskeid van die NGB deur die algemene openbaring 'n algemene genade te noem. God is die God van genade, maar die openbaring in die natuur vertel ons van God en kan nie gesien word as 'n algemene genade nie.
Hierdie een verdraaing van die NGB word dan die fondasie waarop die Remonstrante hulle volgende argument bou. Volgens hulle is hierdie algemene

genade soortgelyk aan 'n restant van die sondeloos-geskape mens voor die sondeval. Met ander woorde iets van die mens se goeie het in hom oorgebly net soos daar 'natuurlike' genade is. Hierdie stukkie goed wat in die mens oorgebly het, kan die mens dan tot sy heil gebruik.
Die mens moet net bou op hierdie inherente fondasie wat beskikbaar is. Met toewyding en harde bouwerk kan die mens dan kom by die punt waar die besondere genade in Christus 'inskop'.
Die mens kan met ander woorde deur toewyding en harde werk mettertyd die besondere genade ontvang wat lei tot redding. Hierdie self-opheffing van die mens bewys ook iets oor God - volgens die Remonstrante.
Hierdie trapsgewyse bou op die 'algemene genade' tot by die besondere genade bewys volgens hulle dat God ook bereid is om deur menslike toewyding Christus aan alle mense te openbaar. Dit kom daarop neer dat hulle oortuig is dat God via die 'algemene genade' Christus, geloof en redding aan alle mense geskenk het. Dit beteken dat die genade net 'n baken op die pad van self-verlossing is. Hierdie dwaling word verwerp. Daarteenoor stel die sinode die volgende:

Die eerste punt om te maak is dat hierdie teorie nie deur die Skrif ondersteun word nie. Die Bybel maak nie die bewerings wat hier gemaak word nie, bevat nêrens verwysings wat sodanige teorie kan ondersteun nie. Die Bybel is baie reguit in die bekendmaking van die openbaring. Dit geskied deur Jakob en sy nageslag.
Daar vind nie 'n ander openbaring plaas as deur die volk van God nie. Geen ander nasie kom tot bekering anders as deur die volk van God nie. Nie eens die mense van Nineve sou tot bekering gekom het indien dit nie was dat God vir Jona gestuur het nie. Geen ander nasie word gebruik om God direk te openbaar nie. Geen volk het via 'natuurlike genade' (eintlik natuurlike openbaring) by God uitgekom nie. Israel kry ook die opdrag om hulle vir die Here af te sonder.
God het al die ander volke aan hul eie weë oorgelaat. Nie een van hulle het by God uitgekom nie. Ons sien dat God vir Paulus verhinder om die Woord in Asië te verkondig. Die aanhalings uit Handelinge maak dit duidelik dat die teendeel waar is. Die Remonstrante se argumente word nie deur die Woord gesteun nie.